Bruilofskleed

Matt. 22:1 – 14 **Lees!!!**

Matt. 22:11 "En toe die koning ingaan om na die gaste te kyk, sien hy daar iemand wat **nie 'n bruilofskleed aan het nie**.
:12 En hy sê vir hom: Vriend, **hoe het jy hier ingekom sonder 'n bruilofskleed aan**? En hy kon **geen woord sê** nie."

Op die **laaste aand** van Jesus se lewe as mens hier op aarde, op die **vooraand** van Sy kruisiging, het Jesus die **Heilige Nagmaal ingestel**.
Op daardie aand het Jesus saam met Sy dissipels die **Pasga** gevier.

Dit was 'n algemene gebruik by die Jode, maar op daardie laaste aand het Jesus 'n **nuwe betekenis** aan die **Pasga** gegee, deur dit op **betrekking** van **Homself** te maak; en aan Sy dissipels die opdrag gegee: "Doen dit tot My nagedagtenis." (Luk. 22: 19)

Hierdie **Paasmaaltyd** het in die **gedagtes** van die mens groot betekenis gekry, soveel so dat hulle die Koninkryk van God voorstel as 'n **groot maaltyd**, as 'n **groot fees** waaraan al die **heiliges** sal aansit en deelneem.

Matt. 20:20 "Toe kom die moeder van die seuns van Sebedéüs met haar seuns na Hom en buig voor Hom neer om iets van Hom te vra.
:21 En Hy sê vir haar: Wat wil jy hê? Sy antwoord Hom: **Sê dat hierdie twee seuns van my in u koninkryk mag sit, een aan u regter— en een aan u linkerhand**.
:22 Maar Jesus antwoord en sê: Julle weet nie wat julle vra nie. Kan julle die beker drink wat Ek aanstons gaan drink, en gedoop word met die doop waarmee Ek gedoop word? Hulle sê vir Hom: Ons kan.
:23 En Hy sê vir hulle: Dis waar, my beker sal julle drink en met die doop waarmee Ek gedoop word, sal julle gedoop word**; maar om te sit aan my regter— en aan my linkerhand berus nie by My om te gee nie**, maar is vir hulle vir wie dit deur my Vader **berei** is."

Al wat hierdie moeder vir haar seuns **begeer het**, was dat hulle kon **deelhê** aan die maaltyd van alle maaltye, die **bruilofsmaal van die Lam**.

Ook ons teksgedeelte spreek van hierdie **groot maaltyd** wat daar in die Hemel gaan plaasvind, 'n **maaltyd** wat daar in die Hemel vir ons **toeberei** is. 'n **Bruilofsmaal** wat op ons wag.

Hierdie maatyd is so wonderlik, dat Jesus die **Koninkryk van die Hemele** daarmee vergelyk.

Dit is wanneer die **bruilof van die Lam** gaan plaasvind, ons **aardse bruilof** is maar net 'n **skadubeeld** van hierdie groot Heerlikheid, van hierdie **hemelse bruilof**, wanneer Jesus Christus Homself met **Sy bruid verenig**.

Die Koning stuur Sy diensknegte uit om die **Gaste te nooi**, maar wat te **wonderlik** is vir woorde, wat absoluut **ongeloofik** is; die **gaste weier** om te kom, hulle stel nie belang nie.

Stel u dit voor, hulle **weier 'n uitnodiging** van die Koning, hulle wil nie na die **Koning se maaltyd** kom nie, hulle stel nie in die **Koning se bruilof belang** nie.

Maar die **Koning wil die maaltyd hou**, die Koning is **vasbeslote** om die maaltyd te hou, Hy stuur weer **ander diensknegte** uit.

Hy sê: "Gaan sê vir hulle die **maaltyd is gereed**, die **beeste** en al die **vetgemaakte vee** is geslag, hulle het nie 'n keuse nie, hulle moet gehoor gee, dit is die **Koning Self** wat hulle roep, hulle **moet kom aansit**, hulle **moet optrek** na die **bruilofsmaal**."

Maar nog steeds wou hulle **nie kom nie**. Hulle wou **nie luister nie**, die meeste het hulle glad nie eers aan die **uitnodiging gesteur** nie, ander het gesê hulle is **te besig**,

Hulle het vir hulle **nuwe plase gekoop** en **pragtige nuwe trekkers** en **splinternuwe stropers** en **dorsmasjiene**, ander het winkels en nywerhede en fabrieke oopgemaak, hulle het nie nou tyd vir die **Koning se Troue** nie.

Hulle was so **kwaad** vir die Koning se diensknegte, dat hulle die **diensknegte mishandel** het en **doodgemaak** het.

Natuurlik was die Koning **baie ongelukkig** oor hierdie reaksie wat Hy gekry het. Hy was **verontwaardig**, Hy kon dit **nie Glo nie**. Hy was **kwaad**.

Daarop stuur die Koning Sy manskappe uit om die **moordenaars dood te maak** en om hulle **stad af te brand**. En sê Hy in vers 8 :

"**Die bruilof is wel gereed**, **maar die genooides was dit nie werd nie**."

Opnuut stuur die Koning dan weer ander diensknegte met die opdrag:

Matt. 22:9 "Gaan dan op die **kruispaaie en nooi almal wat julle mag vind**, na die bruilof.
:10 En daardie **diensknegte het uitgegaan op die paaie en almal versamel wat hulle gevind het**, **slegtes sowel as goeies**, en die bruilofsaal het **vol gaste** geword."

Hulle het **almal gaan nooi** wat hulle kon vind, **goeies** sowel as **slegtes** en **verminktes** en **lammes** en **blindes**, almal wat **oorspronklik nie genooi** was nie, en die bruilofsaal het **vol geword**.

In hierdie gelykenis sien ons die hele geskiedenis van die volk van Isreal.

Net na die **sondeval** het God Sy **belofte** gegee en gesê:

Gen. 3:15 "En Ek sal **vyandskap stel** tussen jou en die vrou, en tussen **jou saad en haar saad**. Hy sal jou die **kop vermorsel**, en jy sal hom in die **hakskeen byt**."

Al het die mens **afgedwaal** van God, en soveel male selfs teen Hom **opgestaan**, wil God nog steeds in Sy groot liefde die **mensdom red**.

En deur die **hele geskiedenis** van Isreal sien ons, dat God **telkens** weer Sy **profete uitstuur** om die volk wakker te skud en te sê: "**So spreek die Here**."

Maar **soveel male** was hulle **noodlot die dood**, sovele male moes hulle met hulle **lewens daarvoor betaal**.

Luk. 11:47 "Wee julle, want julle **bou die grafte van die profete**, en julle **vaders het hulle gedood**."

Luk. 13:34 "Jerusalem, Jerusalem, jy wat die **profete doodmaak** en die **wat na jou gestuur is, stenig**,"

Ons dink maar net aan **Johannes die Doper** wat God uitgestuur het met die boodskap: "Bekeer Julle, want die Koninkryk van God het naby gekom." En hy is in die **gevangenis onthoof**.

Hoeveel **profete** het God nie na hulle **uitgestuur** nie, maar hulle wou nie **luister** nie. Die Joodse volk is die **uitverkore volk** van God, hulle het op die **koms** van die **Messias gewag**, maar helaas, hulle **wag nog steeds**.

Hulle wou **nie agslaan** op die profete nie, hulle wou **nie glo** toe die Messias kom, dat dit **Hy is nie**. Nee, hulle het eerder die **boodskappers** en die **profete** en die **apostels doodgemaak**.

En helaas die **verlosser**, die **Koning Self** het hulle geneem en Hom **gekruisig**. In Sy Bruilof stel hulle nie belang nie.

Matt. 21:33 "Luister na 'n ander gelykenis: Daar was 'n sekere huisheer wat 'n wingerd geplant het; en hy het 'n heining daarom gesit en 'n parskuip daarin gegrawe en 'n wagtoring gebou, en hy het dit aan **landbouers verhuur** en op reis gegaan.
:34 En toe die vrugtetyd nader kom, **stuur hy sy diensknegte** na die landbouers om sy vrugte te ontvang.
:35 Maar die landbouers het **sy diensknegte geneem en een geslaan en 'n ander een doodgemaak en 'n ander een gestenig**.
:36 Weer het **hy ander diensknegte gestuur**, meer as die eerstes, en hulle het met dié **net so gemaak**.
:37 Oplaas het **hy sy seun na hulle gestuur** en gesê: Hulle sal **my seun ontsien**.

:38 Maar toe die landbouers **die seun sien**, het hulle onder mekaar gesê: Dit is **die erfgenaam**; kom **laat ons hom doodmaak en sy erfdeel in besit neem**.
:39 En hulle het **hom geneem en buitekant die wingerd uitgewerp en doodgemaak**.
:40 Wanneer **die eienaar** van die wingerd dan kom, wat sal hy met daardie landbouers doen?
:41 Hulle antwoord Hom: Die slegte mense—hy sal hulle '**n slegte dood laat sterwe** en die wingerd verhuur aan ander landbouers wat **hom die vrugte op die regte tyd sal gee**.
:42 Jesus sê vir hulle: Het julle nooit in die Skrifte gelees nie: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword. Hy het van die Here gekom en is wonderbaar in ons oë?
:43 Daarom sê Ek vir julle: **Die koninkryk van God sal van julle weggeneem en aan 'n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra**.
:44 En hy wat op hierdie steen val, sal verpletter word; **maar elkeen op wie hy val, dié sal hy vermorsel**."

Dit is hoe die **genooides** die **dienskegte van God behandel** het.

Matt. 22:7 "Toe die koning dit hoor, het hy **kwaad geword** en sy **manskappe gestuur** en daardie **moordenaars omgebring** en **hulle stad aan die brand gesteek**."

Wat het in die **jaar 70 N.C.** met Jerusalem gebeur?

Die **stad is verwoes** tot op sy fondamente. Die **Woord van God** het in **vervulling** gegaan. "Daar sal **nie een klip op die ander gelaat** word nie."

Die **Romeinse soldate** het onder leiding van **Titus Vespasiaan** die stad **Jerusalem binnegeval** en die **hele stad verwoes** en tot die **grond toe afgebrand**.

Ook die **tempel was totaal verwoes**, so erg was die **hitte** dat die **goud** van die tempel in die **klippe ingesmelt** het, wat veroorsaak het dat hulle die tempel **heeltemal afgbreek het** en die **klippe weggedra** het om die **goud te herwin**.

So is die Woord van die Here **vervul**.

1Pet. 4:17 "Want die tyd is daar dat **die oordeel moet begin by die huis van God**. En as dit eers **by ons begin**, wat sal **die einde wees** van die wat aan die **evangelie van God ongehoorsaam is**?"

God het **Sy eie Tempel** in Jerusalem nie gespaar nie, God het **Sy eie volk** wat **nie wou luister nie**, nie gespaar nie, indien ons **nie agslaan** op die roepstem van God nie, sal Hy **ons ook nie spaar nie**.

Omdat die **genooides dit nie werd was nie**, omdat hulle **nie belang gestel het nie**, daarom het **God opdrag gegee** om die wat **ver is** te gaaan nooi, om die **heidene** te gaan nooi, om **ons te nooi** wat nie Jode is nie.

Hand. 1:8 "maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in **Jerusalem** sowel as in die **hele Judéa** en **Samaría** en tot aan **die uiterste van die aarde**."

Dalk is ons vandag aan die **uiterste van die aarde**, maar dit maak nie saak nie, want ons is **uitgenooi** na die **Bruilofsmaal** van die **Lam**, na die Bruilof van die **Groot Koning**.

Open. 19:7 "Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die **bruilof** van **die Lam het gekom** en **sy vrou het haar gereed gemaak**.
:8 En aan haar is gegee **om bekleed te wees met rein en blink fyn linne**, want die **fyn linne** is die **regverdige dade van die heiliges**.
:9 Toe sê hy vir my: **Skryf salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam**. En hy sê vir my: Dit is die waaragtige woorde van God."

Omdat die **Jode vir Jesus verwerp** het, daarom het God opdrag gegee om die Evangelie oor te dra na die **ander volke**. **Ons word genooi** om deel te neem aan die **Bruilofsmaal** wanneer Jesus met **Sy bruid verenig** vir altyd.

Wie is Sy bruid?? Die **Kerk**, **ons is Sy bruid**.

Ons sal dus **nie net gaste wees nie**, maar ons sal **deel uitmaak** van die **bruid van Jesus**.

Indien ons die **uitnodiging aanneem** en ons **Bekeer** en ons **laat doop**, sal ons **aansit** aan die **bruidstafel** van die Lam. Die **vrou**, die **Kerk** moet haar **gereed maak,** anders sal die oordeel by ons begin.

Hoekom moet ons **ons laat doop** om **deel te neem** aan die **Bruilof** van die **Lam**?

Vers 11:

Matt. 22:11 "En toe die koning ingaan om na die gaste te kyk, **sien hy daar iemand wat nie 'n bruilofskleed aan het nie**.
:12 En hy sê vir hom: Vriend, **hoe het jy hier ingekom sonder 'n bruilofskleed aan**? En hy **kon geen woord sê nie**.
:13 Toe sê die koning vir sy dienaars: Bind sy hande en voete, neem hom weg en **werp hom in die buitenste duisternis**. Daar sal geween wees en gekners van die tande."

Net soos die geval was in die gelykenis, net so sal dit ook wees aan die **voleinding van die dae**. Net so sal **Jesus Christus kyk** en as Hy iemand opmerk **sonder 'n bruilofskleed** aan, sal hy **uitgewerp** word in die **buitenste duisternis**.

Almal word uitgenooi, die **hele gemeente**, maar net soos met die Koning se gaste is daar ook **goeies** en **slegtes**.

En wanneer Jesus iemand sien **sonder 'n Bruilofskleed** aan, sal Hy ook vir hom sê: "Vriend **hoe het jy hier ingekom sonder 'n Bruilofskleed aan**?"

Van **elke een** wat daar wil gaan aansit word verwag om **eers 'n bruilofskleed** aan te trek.

2Kron. 34:22 Toe gaan Hilkía en die wat die koning gestuur het, na die profetes Hulda, die vrou van Sallum, die seun van Tokhat, die seun van Hasra, **die klerebewaarder…"**

Wanneer iemand moes **ingaan na die koning**, moes hy eers 'n **koningskleed** aantrek, hy kon nie sommer in sy **gewone klere** voor die koning verskyn nie, hy eers moes met die **koning se kleed beklee** word.

Net so moet iemand wat voor **Christus wil verskyn** eers met ons **Christus Koning bekleed** word, en dit vind plaas in die **doopbad**, wanneer iemand in **Christus gedoop** word.

Gal. 3:27 "want julle almal wat **in Christus gedoop is**, het julle **met Christus beklee**."

In die **doopbad** trek ons ons **Koningskleed** aan en word ons **met Christus beklee**.

God stel hierdie **Koningskleed** tot ons beskikking, God stel die **bruilofskleed** tot ons beskikking, dit is ons **eie vrye keuse** of ons dit wil **aantrek** of nie.

Ons kan nie in ons **eie sondaarskleed gaan aansit** aan die tafel van die Here nie, waarvan die **nagmaaltafel** ook 'n **tipe** is, 'n **skadubeeld** 'n **afskynsel** van die werklike.

Wanneer ons aansit aan die **Feesmaal** van die Here moet ons **geklee wees** met **Feesklere**, met **Koningsklere**, ons moet met **Christus beklee** wees.

Want die here sê:

1Kor. 11:29 "Want wie op **onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself**, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie."

Ek moet ten minste seker maak, dat ek 'n **koningskleed aanhet**, wanneer ek saam met die **Koning aan Sy tafel wil sit**.

Verder sê die Woord van die Here is die kleed ook die **regverdige dade** van die Heiliges.

Open. 19:8 "En aan haar is gegee om **bekleed te wees met rein en blink fyn linne**, want die **fyn linne** is die **regverdige dade van die heiliges**."

Rein en **blink fyn** linne.

Die **reinheid** ontvang ons van God, Jesus **was** ons met **Sy kosbare bloed**, waarvan die **doop 'n tipe** is.

Die **blink fyn linne** is die **regverdige dade**.

Nadat ons **gedoop is** moet ons dus so **regverdig** as wat dit **menslik moontlik** is lewe, want dit vorm deel van ons **bruilofskleed**.

Ons moet die **koninklike waardigheid** van Jesus Christus erken, ons moet aan Hom die nodige **eer en gesag betoon** wanneer ons voor Sy **aangesig** verskyn.

Ons kan nie voor die Koning kom **net soos ons lus** is nie, ons moet 'n **Koningkleed aantrek**.

Hoe lyk **ons kleed** vandag? Waarmee is **ons beklee**? Is ons **waardig genoeg geklee** om voor die **Koning te verskyn**?

Wanneer ons **kerk toe kom**, dan lyk dit of ons op pad is na die een of ander **partytjie** of **boeredans**. Hoe voel ons **diep in ons harte** oor die Here?

Hoe ons **binne voel**, dit is gewoonlik wat ons **na buite uitleef**.

Jesus wil ons **reinig** en Hy wil ons **heilig**, Hy wil ons **klee**, wil ons Hom nie maar die **geleentheid gee** om dit te doen nie!!!